higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

NKR VLAK 3

(Eerste vraestel)

(4101053)

13 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

028Q1N2313

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 3
(Eerste vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visuele Tekste
   AFDELING D: Funksionele taalgebruik
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op ’n nuwe bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek ’n duidelike streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: INTERNETARTIKEL

Lees die onderstaande internetartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Regulasies knip hommeltuie se vlerke

-Andries Gouws-

Hommeltuie, toerusting en tegnologie wat daarmee gepaard gaan, het die afgelope tyd beduidend verbeter. Dr. Debbie Jewitt, 'n ekoloog van Ezemvelo in KwaZulu-Natal en self 'n opgeleide hommeltuig-vlieënier, sê hommeltuie het só verbeter dat dit al doeltreffend aangewend word om mense van lughawens na hotelle te vervoer en om as ambulanse gebruik te word. Terselfdertyd word dit al kleiner en ligter, met doeltreffender toerusting aan boord, sodat dit langer in die lug kan bly en dus verder kan vlieg.

"In die landbou en natuurbewaring kan hommeltuie gebruik word om toegang tot ontoeganklike plekke te kry en daarby is dit goedkoper en veiliger as vliegtuie. Altesaam 66% van die mense wat in natuurbewaring omkom, sterf in vliegongelukke.

"Dié tegnologie is al in die Eerste Wêreldoorlog gebruik, toe kameras aan posduiwe vasgemaak is om vyandelike stellings en bewegings te bespied. Vandag is hommeltuie met kameras toegerus wat die fynste besonderhede kan registreer," sê sy.

Die rol van hommeltuie in natuurbewaring

In natuurbewaring kan hommeltuie vir baie meer as net die monitering van wild en hul habitat gebruik word. Dit kan ook 'n belangrike rol speel in bestuur, die verskaffing van tegniese dienste, die bemarking van ekotoerisme, wetstoepassing, optredes teen stropers en soek- en reddingstogte.

In die bestuur van bewaringsgebiede kan dit gebruik word om indringerplante te monitor, heinings en infrastruktuur te inspekteer, brandskade te takseer, erosie te bepaal, wild te tel en diere te verskuif.

Afgeleë gebiede is baie gewild by stappers, maar dit is gevaarlik omdat die weer baie vinnig kan verander en stappers dan dikwels vermis raak. Om met vastevlerkvliegtuie en selfs helikopters in sulke bergagtige gebiede te vlieg, is dikwels gevaarlik en boonop baie duur.

Groot kostebesparing

Debbie sê, 'n onlangse reddingspoging met sulke vliegtuie het sowat R77 miljoen gekos. "Hommeltuie kan egter in 'n soekgebied ingedra word en kan uitstekende beelde van die kranse, oorhangrotse en diep valleie registreer en terugstuur teen 'n fraksie van die koste. Hommeltuie is normaalweg veilig en dit is maklik om hulle te laat vlieg, maar sonder deeglike instandhouding en goeie beplanning kan dit faal.

Kopiereg voorbehou

"Van die algemeenste foute wat mense maak, is dat hulle nie die gebruiksaanwysings lees nie en nie die tuisbasis se koördinate insleutel nie. Buitengewone koue en hitte kan ook die werking van die vliegbeheer-meganismes en sensors beïnvloed.

"Wind word ook dikwels nie behoorlik in ag geneem nie. As die hommeltuig teen die wind vlieg, kan dit die reikafstand korter maak. Verder is daar soms gevaarlike lugstrome op die hoogte waarop die tuig vlieg, wat nie noodwendig op die grond voelbaar is nie. Hoe hoër 'n mens vlieg, hoe dunner raak die lug en dit het 'n uitwerking op die hanteerbaarheid van die tuig. Ag moet ook geslaan word op die vliegroetes van vliegtuie om botsings te voorkom," verduidelik sy.

Hommeltuie en wild

Wanneer hommeltuie op wildsplase gebruik word, kan dit 'n ongewenste en onvoorsiene uitwerking op die wild hê. Selfs al is daar nie baie sigbare versteuring nie, kan dit spanning by die diere veroorsaak.

Die invloed van 'n hommeltuig op wild sal afhang van die spesie, geskiedkundige ondervinding van die diere ten opsigte van lugverkeer, omgewing, tipe, grootte en kleur van die tuig en die manier waarop dit gehanteer word.

Debbie sê hommeltuigvlugte word deur die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart-owerheid beheer, en daar is 'n duisternis regulasies en vereistes waaraan voldoen moet word. "Veral as 'n mens 'n hommeltuig kommersieel wil gebruik, kan dit 'n lang (tot twee jaar) en baie duur proses wees om 'n lisensie te bekom en aan al die regulasies te voldoen. In die praktyk behels dit feitlik dieselfde vereistes as wat aan 'n kommersiële lugdiens gestel word.

[Bron:Verwerk uit: https://www.https://mymatzikama.com/landbou/regulasies-knip-hommeltuie-se-vlerke/]

1.1 Wie het hierdie artikel oor hommeltuie geskryf? (1)

1.2 Watter tipe beeldspraak word in die opskrif van hierdie artikel gebruik. Kies die korrekte stylfiguur: (1)

1.2.1 Metafoor

1.2.2 Personifikasie

1.3 Noem dr. Debbie Jewitt se TWEE kwalifikasies waarna die artikel verwys. (2)

1.4 Die feit dat hommeltuie deesdae kleiner en ligter gemaak word, bied TWEE voordele. Noem hierdie TWEE voordele. (2)

1.5 Op watter TWEE gebiede kan hommeltuie toegang tot ontoeganklike plekke kry? (2)

1.6 Toe kameras in die Eerste Wêreldoorlog aan posduiwe vasgemaak is, kon dit TWEE dinge bespied. Noem hierdie TWEE dinge. (2)

1.7 Watter persentasie mense in natuurbewaring sterf in vliegongelukke? (1)

Kopiereg voorbehou

1.8 Hoekom is afgeleë gebiede wat by stappers gewild is, ook baie gevaarlik? (1)

1.9 Verduidelik wat jy onder *indringerplante* verstaan. (2)

1.10 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.

"Dit is 'n onmoontlike taak om wild met behulp van 'n hommeltuig in die veld te tel." (2)

1.11 Noem EEN van die take waarmee hommeltuie in natuurbewaring kan help. (1)

1.12 Noem TWEE redes hoekom hommeltuie tydens reddingspogings kan faal. (2)

1.13 Noem TWEE van die algemeenste foute wat mense met hommeltuie maak. (2)

1.14 Wat kan ook die werking van die vliegbeheer-meganismes en sensors beïnvloed? (2)

1.15 Watter vervoermiddele se vlugte is dikwels riskant en duur in bergagtige gebiede? (2)

1.16 Noem enige TWEE beelde wat 'n hommeltuig in 'n soekgebied kan registreer en terugstuur. (2)

1.17 Verduidelik wat die volgende beteken: "... teen 'n fraksie van die koste". (2)

1.18 Hoekom is die hoogte waarop hommeltuie vlieg soms 'n nadeel? (2)

1.19 Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n OPINIE? Motiveer jou antwoord.

Daar moet ag geslaan word op die roetes van hommeltuie. (2)

1.20 Wanneer hommeltuie in die wildbewaringsbedryf gebruik word, weet mens dikwels nie wat om te verwag nie.

Haal DRIE opeenvolgende woorde aan uit die teks, wat op die uitwerking van die hommeltuig dui. (1)

1.21 Die voorkoms en fisieke eienskappe van die hommeltuig kan ook 'n invloed hê op hoe wild daarop sal reageer.

Noem enige TWEE eienskappe van 'n hommeltuig wat in ag geneem moet word. (2)

1.22 Jou tienjarige seun is smiddae alleen tuis en dikwels verveeld. Hy wil 'n hommeltuig vir sy verjaarsdag hê. As ouer weet jy dit kan nie gebeur nie.

Hoe verduidelik jy dit aan hom? (2)

Kopiereg voorbehou

1.23 Is die gebruik van hommeltuie ons tot voordeel of tot nadeel? Hoekom dink jy so? (2)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende uittreksel en volg die instruksies wat daarop volg.

DIE GEBRUIK VAN HOMMELTUIE

Hommeltuie is normaalweg veilig en maklik om te vlieg, maar vereis gereelde en deeglike instandhouding en goeie beplanning anders kan dit faal.

Van die algemeenste foute wat mense maak, is dat hulle nie die belangrike gebruiks-aanwysings lees nie en nie die tuisbasis se koördinate insleutel nie. Buitengewone koue en hitte kan ook die werking van die vliegbeheer-meganismes en sensors beïnvloed.

Wind het ook 'n groot invloed op 'n hommeltuig. As die hommeltuig teen die wind vlieg, kan dit die reikafstand korter maak. Verder is daar soms gevaarlike lugstrome op die hoogte waarop die tuig vlieg, wat nie noodwendig op die grond voelbaar is nie. Hoe hoër 'n mens vlieg, hoe dunner raak die lug en dit het 'n uitwerking op die hanteerbaarheid van die tuig. Ag moet ook geslaan word op die vliegroetes van vliegtuie om botsings te voorkom.

Wanneer hommeltuie op wildsplase gebruik word, kan dit 'n ongewenste en onvoorsiene uitwerking op die wild hê. Selfs al is daar nie baie sigbare versteuring nie, kan dit spanning by die diere veroorsaak.

As 'n mens 'n hommeltuig kommersieel wil gebruik, kan dit 'n lang en baie duur proses wees om 'n lisensie te bekom en aan al die regulasies te voldoen.

[Bron:Verwerk uit: https://www.https://mymatzikama.com/landbou/regulasies-knip-hommeltuie-se-vlerke/]

INSTRUKSIES:

- Skryf AGT feite neer wat in ag geneem moet word wanneer hommeltuie aangewend word.
- Skryf elke feit as 'n hoofgedagte in 'n goeie VOLSIN neer.
- Skryf jou sinne ONDERMEKAAR en puntsgewys van nommer 1 tot 8 neer.
- Laat 'n REËL OOP tussen sinne.
- Jou opsomming moet tussen 70 en 80 woorde wees.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

VRAAG 3: STROKIESPRENT

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord al die vrae wat daarop volg.



[Bron: *Google, 2021*]

3.1 Waar speel hierdie toneel af? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.2 Kies die regte antwoord uit die onderstaande opsies. Skryf slegs die letter (A–D) neer.

Die doel van hierdie spotprent is om ...

A in te lig.
B te vermaak.
C te oorreed.
D op te voed. (1)

3.3 In die eerste raampie verskyn 'n uitroepteken aan die einde van die praatborrel.

Wat is die funksie van hierdie uitroepteken? (1)

3.4 In raampie 2 vra Meneer 'n vraag. Watter soort vraag is dit? Skryf slegs die letter (A–D) neer.

A Geslote
B Oop
C Leidend
D Hipoteties (1)

3.5 Wat doen die ander studente in raampie 3? (1)

3.6 Bestudeer Neelsie se lyftaal in raampie 3. Wat sê sy lyftaal? (2)

3.7 Watter sportsoort word hier uitgebeeld. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
[10]

VRAAG 4: ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BEROEMDES SE SMAAK

Hierdie maand – Jan van Riebeeck



Sewe maande op die Atlantiese Oseaan is geen grap nie. Dis koud, nat, die wind pluk gedurig aan jou pruik en om dit alles te kroon, sit jy opgeskeep met 45 moeilike matrose. Enige persoon wat al enige tyd op die rowwe see deurgebring het , sal jou vertel dis geen grap nie. Die knaende wind, storms, rotte, skeurbuik en die ergste van alles, die windstiltes. Hierdie wrede, siek grap van die natuur kan jou vir weke lank op die oop see laat ronddobber soos 'n kurkprop in 'n baie groot dam. Elke dag is dieselfde, die gekraak van die hoofseil, amper asof hy smeek vir 'n bietjie wind, die reuk van ou vleis wat stadig begin vrot in die son en die aanhoudende gekerm van die matrose.

Dit kan enige kaptein laat beheer verloor oor sy humeur en veral oor sy manskappe.

Hulle soek antwoorde en verligting en hulle soek dit gou of jy loop op die plank met die geklap van haaikake onder jou.

Gelukkig vir my het ek net die antwoord vir almal se probleme gehad. Met sy laaste reis het ou Vasco, dis nou die beroemde ou seevader, Vasco da Gama, vir my 'n hele klomp CD's van Suid-Afrika af teruggebring. Treffers soos Musiek vir die Langpad en Bokjol Vol. 6, 'n groot gunsteling tussen die matrose (ek is nie seker of dit enigiets met die musiek te make het nie) en Die Grootste Dansvloer Treffers, Vol. 5. Matroos, kaptein, kok en miskien ook 'n rot of twee, gryp mekaar en dans dat die biesies bewe. En glo vir my, vir daardie uur of twee vergeet elke liewe siel op die skip van al hulle sorge.

En wie moet ek bedank? Nee, nie Vasco da Gama nie, Musica, dis wie! Met talle winkels wyd verspreid oor Suid-Afrika en met die grootste keuse van Afrikaanse treffers, kan 'n man net eenvoudig nie 'n voet verkeerd sit nie.

Stywe seile.
Jan







Musica

[Bron: *Raamwerk 12, MML, 2001*]

4.1 Deur wie is hierdie advertensie geskep? Kies die regte antwoord.

A Jan van Riebeeck
B Musica
C Vasco da Gama (1)

4.2 Die teikengroep vir hierdie advertensie is … Kies die regte antwoord.

A geskiedkundiges.
B mense wat per boot wil reis.
C musiekliefhebbers. (1)

4.3 Op watter oseaan het die matrose hulle bevind? (1)

4.4 Noem TWEE soorte weersomstandighede wat die matrose moes deurstaan. (2)

4.5 Noem nog TWEE negatiewe omstandighede waarmee die matrose te doene gekry het, behalwe die weer. (2)

4.6 Hoekom was die windstiltes erger as die stormweer? (2)

4.7 Watter stylfiguur word in die volgende aanhaling toegepas?

"… die gekraak van die hoofseil, amper asof dit smeek vir 'n bietjie wind …" (1)

4.8 Watter siekte het dikwels onder die matrose voorgekom? Wat het dit veroorsaak? (2)

4.9 Die matrose het dikwels in opstand gekom teen hul kaptein, vanweë hul ontberinge. Haal 'n gedeelte van 'n sin aan uit die teks wat daarop dui dat die matrose nie sou skroom om die kaptein sommer oorboord te gooi nie. (2)

4.10 Vasco da Gama was eintlik 'n beroemde seevaarder. Hoekom kan hy egter ook as die *seevader* beskou word? (2)

4.11 Hoekom het die vleis vrot geword op die skip? (1)

4.12 Vasco da Gama het vir Jan van Riebeeck 'n hele hoop CD's uit Suid-Afrika saamgebring.

Hierdie stelling is 'n … Kies die regte antwoord.

A feit
B reklamefoefie
C opinie (1)

4.13 Haal DRIE opeenvolgende woorde aan uit die teks wat daarop dui dat Musica regoor die land verteenwoordig is. (1)

4.14 Wanneer matrose opstandig raak en beheer van die skip wil oorneem, sê ons hulle …. Kies die regte antwoord.

A muit.
B staak.
C betoog. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 5: KREATIEWE TEKSTE

Kies die korrekte woord uit KOLOM B wat by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.1–5.5) in jou ANTWOORDBOEK neer

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Koning Leeu glimlag breed vir skilpad	A	rym
5.2	Hoekom is my geld net nooit ooit genoeg nie?	B	metafoor
5.3	Wanneer die laaste woorde in byvoorbeeld die reëls van 'n gedig dieselfde klink bv. "pap" en "lap"	C	assonansie
		D	retoriese vraag
5.4	Die geldskieter is 'n regte slang	E	personifikasie
5.5	Sy soen die groen lemoen	F	alliterasie

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 6: ARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.24) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B		
SO WORD JY 'n ORGAANSKENKER (6.1 !) deur die (6.2 outeur), (6.3 dokter) Frans Conradie.	6.1	Wat is die doel van hierdie leesteken?	(1)
	6.2	Gee 'n sinoniem.	(1)
	6.3	Gee die afkorting.	(1)
Om te registreer as 'n orgaanskenker klink nie na 'n (6.4 aangename) (6.5 ding) om te doen nie en daarom besluit heelwat mense om eerder nie die keuse te maak nie. (6.6 "Jy kan egter nie jou organe na jou dood gebruik nie," sê Frans) en indien daar iets met jou sou gebeur, berus die (6.7 groot) besluit by jou familielede of naasbestaandes.	6.4	Gee 'n antoniem.	(1)
	6.5	Skryf in meervoudsvorm.	(1)
	6.6	Skryf die sin oor in indirekte rede.	(2)
	6.7	Gee die oortreffende trap.	(1)
Sou jy as 'n orgaanskenker (6.8 geregistreer) wees en jy met jou dood (6.9 gesond) was, kan jou lewer, hart en pankreas drie (6.10 pasiënt) se lewe red. (6.11 Jou longe en jou niere gaan tog net op die rak bly sit). Indien jy besluit om 'n weefselskenker ook te wees, kan	6.8	Verdeel woord in lettergrepe.	(1)
	6.9	Gee die antoniem.	(1)
	6.10	Gee die meervoudsvorm.	(1)
	6.11	Word hierdie sin letterlik of figuurlik bedoel. Motiveer jou keuse.	(2)

Kopiereg voorbehou

jou korneas, vel, been en hartkleppe tot 50 mense red. Jy kan egter nie 'n orgaanskenker wees as jy enige (6.12 kronies) siektes het wat die ontvanger van jou organe regstreeks gaan (6.13 beïnvloed/beinvloed) nie. Daar is tans sowat 4 300 Suid-Afrikaners wat wag (6.14 …) organe te ontvang en in 2016 is (6.15 <u>512</u>) organe en korneas oorgeplant. Jy kan egter jou (6.16 familie vriende en naasbestaandes inlig.) Maak seker jou wense word gerespekteer of dat jou familie nie met die (6.17 verpleër) redeneer nie. (6.18 Dit is vinnig en maklik om as 'n orgaanskenker te registreer.) Sien jy kans daarvoor (6.19 ?) Jy kan aanlyn registreer by (6.20 *Organ Donor Foundation)*, 'n niewinsgewende organisasie, se webtuiste, of deur hulle te skakel by die tolvrye (6.21 nommer): 0800 22 66 11. Boonop is die proses (6.22 gratis) en hoef jy geen mediese toetse te ondergaan nie. (6.23 Hulle sal vir jou 'n <u>kaartjie stuur wat jy in jou beursie kan sit</u>). Hulle verskaf ook aan jou 'n plakkertjie wat jy in jou (6.24 ID)-boekie kan plak.	6.12 Gee die korrekte vorm van die woord. (1) 6.13 Kies die korrekte spelling. (1) 6.14 Voeg die korrekte voorsetsel in. (1) 6.15 Skryf die getal in woorde uit. (1) 6.16 Skryf die sin oor en voeg die ontbrekende leesteken in. (1) 6.17 Gee die vroulike vorm. (1) 6.18 Skryf die sin in die ontkennende vorm oor. (2) 6.19 Wat is die funksie van die leesteken? (2) 6.20 Hoekom is hierdie woorde kursief gedruk? (2) 6.21 Gee die verkleiningsvorm. (1) 6.22 Gee 'n sinoniem. (1) 6.23 Formuleer die vraag waarvan die onderstreepte woorde die antwoord is. (2) 6.24 Waarvoor staan hierdie afkorting? (1)

[Bron: Verwerk uit: *https:// mymatzikama.com/leefstyl/word-jy-n-orgaanskenker/*] **[30]**

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: VERGADERINGS

7.1 Geen vergadering kan sonder die teenwoordigheid van 'n knap sekretaris suksesvol verloop nie. Tydens 'n vergadering moet hierdie persoon baie take verrig.

Noem enige DRIE take. (3)

7.2 'n Voorsitter moenie net 'n gawe en vriendelike persoon wees nie. Hy of sy moet baie sterk, eienskappe openbaar.

Noem VIER eienskappe van 'n effektiewe voorsitter. (4)

7.3 Verduidelik wat 'n openbare vergadering is en gee 'n voorbeeld van so 'n vergadering. (3)

7.4 Kies die vergaderingsterme uit KOLOM B wat by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.4.1	Om die vergadering te onderbreek voordat al die items op die agenda afgehandel is	A	tesourier
7.4.2	'n Formele voorstel wat by 'n vergadering voorgelê word	B	verdaag
7.4.3	Hierdie lid is verantwoordelik vir die finansies	C	mosie
7.4.4	Hierdie persoon lei die vergadering	D	belê
7.4.5	Om 'n vergadering te skeduleer deur 'n kennisgewing uit te stuur	E	voorsitter
7.4.6	Slegs die voorsitter het hierdie tipe stem	F	spesiale vergadering
7.4.7	Wanneer daar onverwagte of dringende sake hanteer moet word	G	beslissende stem
7.4.8	Formele reëls en regulasies wat die organisasie beheer	H	ondervoorsitter
7.4.9	Lys van sake wat tydens die vergadering bespreek moet word	I	grondwet
7.4.10	Hy of sy staan die voorsitter by	J	agenda
		K	ontbind

(5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 8: TOESPRAKE, AANBIEDINGS EN ONDERHOUDE

8.1 Verduidelik wat 'n onderhoud is asook die doel van 'n onderhoud. (4)

8.2 Kies die korrekte onderhoudsvrae uit KOLOM B wat by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (8.2.1–8.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.2.1	Hoekom het jy besluit om na die Wes-Kaap te verhuis?	A	hipotetiese vraag
8.2.2	Waar het jy graad 8 geslaag?	B	ope vraag
8.2.3	As jy die Afrikaanse handboek kan oorskryf, hoe sal jy dit verander?	C	geslote vraag
8.2.4	Ek dink almal moet liefdadigheidswerk by 'n diereklinik doen. Dink jy nie ook so nie?	D	spesifieke vraag.
8.2.5	Besit jy 'n bestuurslisensie?	E	leidende vraag.
		F	retoriese vraag

(5 × 1) (5)

8.3 Soms is daar meer as een onderhoudvoerder wat tydens 'n onderhoud vrae vra.

Wat word so 'n groep onderhoudvoerders dan genoem? (1)

[10]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou